



THE HELGAARD STEYN AWARDS  
DIE HELGAARD STEYN-TOEKENINGS

## NOMINASIES WORD TANS INGEWAG VIR DIE HELGAARD STEYN-TOEKENNING VIR SKILDERKUNS IN 2019

### DIE HELGAARD STEYN TRUST

Die Helgaard Steyn Trust het tot stand gekom uit die boedel van wyle dr J H (Jan) Steyn (1902-1983), 'n oud-student van die voormalige Grey-Universiteitskollege (die huidige Universiteit van die Vrystaat), LV vir Potchefstroom en direkteur van maatskappy. Die Trust is vernoem na sy vader, 'n voormalige LPR van Bloemfontein en jongste broer van die laaste republikeinse president van die Oranje-Vrystaat, M T Steyn. Die huidige trustees is Me Hanneli Rupert-Koegelenberg, Mnr Gerard Rupert, Mnr Francois van der Merwe, Mnr Johannes van Niekerk and ABSA TRUST LTD.

Die Trust het ten doel die bewaring van landbougrond in die Vrystaat en die bevordering van die kunskultuur van Suid-Afrika. Vyftig persent van die jaarlikse netto huurgelde op die bewaringsgebied word jaarliks aangewend vir 'n Helgaard Steyn-toekenning. Die waarde van die toekenning het met verloop van tyd aansienlik gegroei sodat dit een van die grootste kunspriese in die land geword het (méér as

R400 000.00). Dit word in 'n vierjaarlikse siklus toegeken en roteer tussen die dissiplines van toonkunskomposisie, skilderkuns, letterkunde en beeldhoukuns, en word om die beurt te Potchefstroom en Bloemfontein oorhandig.

Vorige ontvangers van Helgaard Steyn-toekennings vir Skilderkuns is Pippa Skotnes (1987), Nel Erasmus (1991), Robert Hodgins (1995), Cyril Coetzee (2003), Bronwen Findlay (2007), Pauline Gutter (2011) en Penny Siopis (2015).

Volgens die bepalings van die boedel stel die rektore van die universiteite van Noordwes en die Vrystaat elk jaarliks 'n beoordelaar in die betrokke kunsdissipline aan. Laasgenoemde twee benoem gesamentlik 'n derde beoordelaar. In 2019 sal Richardt Strydom as derde lid van die paneel saam met Angela de Jesus (namens die UV) en Moya Goosen (namens die NWU) optree as die beoordelaars vir die prys vir skilderkuns.

### NOMINASIES VIR 2019

Die volgende bepalings is van toepassing in die nominasie van kandidate vir die Helgaard Steyn-toekenning in 2019:

1. Die Helgaard Steyn-pryse word toegeken aan enige Suid-Afrikaans gebore kunstenaar wat oor die afgelope vier jaar 'n kunswerk gelewer het wat, volgens die beoordelaars, die mees verdienstelike werk in die betrokke dissipline is, wat publiek toeganklik bewaar word, byvoorbeeld in 'n openbare kunsversameling of permanent geïnstalleer is aan/in 'n openbare gebou of ruimte in Suid-Afrika.
2. Die beoordelaars interpreteer bepalings so dat die verdienstelikheid van die kunswerke wat vir bekroning oorweeg word, hul verteenwoordiging van hoogstaande prestasies en vernuwende leierskap wat die kunstenaar oor 'n langer tydperk gelewer het, sal insluit.
3. Die beoordelaars het die verantwoordelikheid om die oorspronklike testamentêre bepalings te versoen met 'n inklusiewe vertolking van die kategorieë van skilderkuns en beeldhoukuns wat tred hou met heersende kunspraktyke. Gevolglik sluit 'skilderkuns' ook in reekse, tekeninge, tapisserieë, grafiese drukwerk of werk op papier.
4. Kunsmuseums, galerye en hul afgevaardigdes, kurators, kuns-konsultante en kunste-praktisyns word uitgenooi om kunswerke te nomineer deur die paneel van beoordelaars te voorsien met 'n motivering, 'n *curriculum vitae* van die betrokke kunstenaar en die besonderhede van die betrokke kunswerk (insluitende visuele dokumentasie).
5. Rig nominasies en navrae aan die volgende adres:  
Angela de Jesus  
Johannes Stegmann-kunsgalery  
Universiteit van die Vrystaat  
Posbus 339 (12)  
Bloemfontein, 9300  
Tel: (051) 401-2706  
E-pos: helgaardsteynaward2019@gmail.com  
**Die keerdatum vir nominasies is 30 September 2019.**
6. Daar sal namens die Trust in geen verdere korrespondensie getree word oor die meriete van spesifieke toekennings nie.